

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

JUNIE EKSAMEN GRAAD 12

2025

REKENINGKUNDE
(VRAESTEL 1)

REKENINGKUNDE V1



C2711A

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

X05



11 bladsye + 'n formuleblad en 'n 10 bladsy-antwoordboek





INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n Finansiële Aanwyser Formuleblad is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die berekeninge om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE berekeninge tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Syfers word NIE verlang in die grys geskakeerde areas NIE.
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Staat van Omvattende Inkomste en Staat van Finansiële Posisie	55	44
2	Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	40	32
3	Ontleding en Vertolking van Finansiële Aanwysers	40	32
4	Korporatiewe Bestuur	15	12
TOTAAL		150	120


VRAAG 1: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE EN STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE
(55 punte; 44 minute)

- 1.1 Voltooi elk van die volgende stellings deur 'n term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

IFVS; eksterne ouditeure; direkteure; Memorandum van Inkorporasie; interne ouditeure

- 1.1.1 ... is aangestel om 'n onpartydige mening oor die finansiële state te lewer.
- 1.1.2 ... is riglyne vir die opstel van finansiële state om konsekwenheid te verseker.
- 1.1.3 ... sit die regte, pligte en verantwoordelikhede van aandeelhouders en direkteure uiteen. (3 x 1) (3)

1.2 WINSTON BEPERK

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

GEVRA:

- 1.2.1 Voltooi die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025. (26)
- 1.2.2 Voltooi die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 28 Februarie 2025. (26)

LET WEL: Sommige bedrae word in die ANTWOORDBOEK verskaf.




INLIGTING:
A. Saldo's en Totale op 28 Februarie 2025:

	2025 (R)	2024 R
Gewone aandelekapitaal	1 189 000	
Behoue inkomste	880 000	
Lening: King Bank	?	
SAID: Inkomstebelasting	(Kt) 33 200	(Kt) 34 460
Krediteurekontrole	198 400	
Aandeelhouders vir dividende	?	142 000
Debiteurekontrole	382 700	
Voorsiening vir oninbare skuld	?	16 260
Handelsvoorraad	920 000	
Krediteure vir salarisse	24 750	
Bank (Ongunstig soos op 24 Februarie 2025)	*100 900	
Verkope	?	
Koste van verkope	2 150 000	
Salarisse en lone	1 030 000	
Ouditfooie	45 000	
Oninbare skuld ingevorder	15 400	
Direkteursfooie	930 150	
Huurinkomste	107 500	
Skryfbehoeftes	63 250	
Dividende op gewone aandele	112 300	

* **LET WEL:** Die banksaldo is op 24 Februarie 2025 gegee.
Daar was transaksies na 24 Februarie 2025 gedoen.

B. Uittreksel uit die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025:

Waardevermindering	R87 600
Inkomstebelasting betaal	R130 300
Rente betaal	R22 000
Vaste deposito verval	*R55 100

* **LET WEL:** Vaste deposito het verval op 28 Februarie 2025.


C. Aansuiwerings en addisionele inligting:

- (i) Slegs die helfte van die ouditfooie is betaal. Die res sal in Maart 2025 betaal word.
- (ii) Die huurder het 'n gedeelte van die perseel vanaf 1 April 2024 gehuur. Hy het nie die huur vir Januarie en Februarie 2025 betaal nie. Huur is op 1 September 2024 met 10% verminder.
- (iii) 'n Voorraad van R13 000 is op rekening aangekoop by Smit & Seuns Verskaffers en is as korrek geboekstaaf.

LET WEL: 20% van die voorraad wat ontvang is, is foutief. Die verskaffer het die fout erken en 'n kredietnota uitgereik. Geen inskrywing is nog hiervoor gemaak nie.

- (iv) Die fisiese voorraadopname op 28 Februarie 2025 het die volgende aan die lig gebring:
 - Handelsvoorraad R890 400
 - Skryfbehoeftes verbruik vir die jaar R57 500
- (v) 'n Klant wat R3 700 skuld het versoek dat die bedrag na sy krediteurerekening oorgedra word, aangesien hy ook die besigheid van kantoorskryfbehoeftes voorsien.
- (vi) Die voorsiening vir oninbare skulde moet aangepas word tot 4% van die uitstaande handelsdebiteure.
- (vii) Die maatskappy het twee direkteure wat dieselfde maandelikse fooie verdien. 'n Derde direkteur, wat op 1 November 2024 aangestel is, verdien R4 200 meer per maand as die ander twee direkteure. Hy is tot 31 Maart 2025 betaal.
- (viii) Die maatskappy het 30 000 aandele teen 'n prys van R3,10 op 26 Februarie 2025, teruggekoop. Die terugkoopbedrag in die behoue inkomste rekening het R33 000 beloop. Hierdie aandele kwalifiseer vir finale dividend van 30 sent.
- (ix) Die volgende finansiële aanwysers is bereken op 28 Februarie 2025, nadat alle aansuiwerings in ag geneem is:

Bedryfswins op verkope	15%
Skuld-ekwiteit-verhouding	0,5 : 1

- (x) Die lening van King Bank sal in die 2025 finansiële jaar met 'n kapitaalgedeelte van R21 500 per maand verminder word.

**VRAAG 2: KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIËLE AANWYSERS****(40 punte; 32 minute)**

Die inligting het betrekking op Charter Bpk vir die finansiële jaar geëindig 31 Mei 2025.

GEVRA:

- 2.1 Stel die Gewone Aandelekapitaalnota vir die jaar geëindig 31 Mei 2025 op. (6)
- 2.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die finansiële jaar geëindig 31 Mei 2025:
- 2.2.1 % Netto wins voor belasting op verkope (2)
- 2.2.2 Netto batewaarde (3)
- 2.2.3 % Opbrengs op totale kapitaal aangewend (7)
- 2.3 Voltooi die Kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 31 Mei 2025. (22)

INLIGTING:

A. Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 31 Mei 2025:

	R
Verkope	11 420 130
Koste van verkope	8 000 000
Bruto bedryfsinkomste	5 120 540
Waardevermindering	160 150
Rente op lening	338 780
Wins voor belasting	2 501 070
Inkomstebelasting	792 400

B. Uittreksel uit die Staat van Finansiële posisie op 31 Mei 2025:

	2025	2024
Vaste bates (drawaarde)	9 300 000	7 112 300
Beleggings		593 200
Handelsvoorraad	720 000	1 300 000
Handels en ander ontvangbares	1 677 580	2 191 070
Kontant en kontantekwivalente	0	?
Totale bates		11 274 570
Aandeelhouersekewiteit	8 512 300	?
Gewone aandelekapitaal	?	
Behoue inkomste	1 072 300	
Nie-bedryfslaste	1 200 000	2 606 000
Handels en ander betaalbares	2 888 000	1 906 000
Oortrokke bank	575 000	0




C. Notas tot die finansiële state op 31 Mei:

	2025	2024
Handels en ander ontvangbares:		
Netto handelsdebiteure	1 587 380	2 155 340
Vooruitbetaalde uitgawes	29 300	35 730
SAID: Inkomstebelasting	60 900	–
	1 677 580	2 191 070
Handels en ander betaalbares:		
Handelskrediteure	2 580 000	1 448 900
Aandeelhouders vir dividende	308 000	415 000
SAID: Inkomstebelasting	–	42 100
	2 888 000	1 906 000

D. Addisionele inligting:

- (i) **Kontant gegenereer uit bedrywighede:**
- Bedryfswins voor verandering in bedryfskapitaal, R3 000 000.
 - Verandering in bedryfskapitaal, R2 285 490 invloei.
- (ii) **Vaste bates:**
- Vaste bates verkoop teen drawaarde, R450 000.
 - Vaste bates is gedurende die jaar aangekoop.
- (iii) **Aandelekapitaal:**
- Op 1 Junie 2024 was 556 100 aandele uitgereik.
 - 120 000 aandele is uitgereik op 30 September 2024 teen 'n totale waarde van R2 169 150.
 - Op 28 Februarie 2025 is 'n aantal aandele teruggekoop teen R2,20 (per aandeel) bo die gemiddelde aandeleprys.
 - Op 31 Mei 2025 was daar 620 000 uitgereikte aandele.
- (iv) **Dividende:**
Interim dividende van 35 sent per aandeel is op 1 Oktober 2024 betaal.
- (v) **Inkomstebelasting**
Inkomstebelasting betaal gedurende die jaar, R895 400

**VRAAG 3: ONTLEDING EN VERTOLKING VAN FINANSIËLE AANWYSERS****(40 punte; 32 minute)****ZANAD BPK**

Die inligting het betrekking op Zanad Bpk vir die finansiële jaar geëindig 28 Februarie 2025.

GEVRA:

LET WEL: Waar kommentaar of verduideliking gevra word, moet jy:

- Finansiële aanwysers en neiging met syfers aanhaal
- 'n Rede of verduideliking verskaf vir die finansiële aanwysers aangehaal

3.1 Kies die korrekte woord(e) tussen hakies.

3.1.1 (Debiteure/SAID) stel belang in die winsgewendheid van 'n maatskappy.

3.1.2 (Finansiële Instellings/Ouditeure) wil weet of 'n maatskappy solvent is.

3.1.3 'n Besigheid se likiditeit is belangrik vir (krediteure/Binnelandse sake). (3)

3.2 **Likiditeit:**

Shanice Krates, een van die aandeelhouders en die HUB, het aangevoer dat die direkteure nie die prestasiebonus verdien nie omdat hulle versuim het om die maatskappy se bedryfskapitaal effektief te bestuur. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om Shanice se argument te ondersteun. (6)

3.3 **Dividenduitbetalingsbeleid:**

Sommige aandeelhouders is nie tevrede met die verandering in die dividenduitbetalingsbeleid nie. Verduidelik die rede vir die verandering. (4)

3.4 **Opbrengs:**

Reeves, 'n voornemende aandeelhouer, is onseker of hy in die maatskappy moet belê en of hy sy geld in 'n langtermynbelegging by ander finansiële instellings moet belê. Verskaf EEN punt van advies deur EEN relevante finansiële aanwyser aan te haal. (4)

3.5 **Finansieringstrategieë en hefboomfinansiering:**

Die direkteure het besluit om die uitreik van nog aandele op 31 Januarie 2025 toe te laat eerder as om 'n addisionele lening aan te gaan om bedrywighede van die maatskappy te kan finansier. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om die direkteure se besluit te regverdig. (6)




3.6 Shanice Krates se % aandeelhouding en aandeelkapitaal:

- 3.6.1 Bereken die bedrag wat Shanice spandeer het op die aandele aangekoop op 31 Januarie 2025.

(Sy is toegelaat om aandele gelykstaande aan een vyfde van die aandele wat sy reeds besit, te koop.)

LET WEL: Geen aandele is gedurende die finansiële jaar teruggekoop nie. (3)

- 3.6.2 Shanice wil 'n meerderheidsaandeehouer wees. Verduidelik of sy daarin geslaag het om haar doel te bereik. Toon ALLE berekeninge. (6)

- 3.6.3 Verduidelik EEN gevolg aan die maatskappy van die besluit om Shanice toe te laat om aandele gelykstaande aan een vyfde van die aandele wat sy reeds besit, te koop. (2)

- 3.7 By 'n AJV het die direkteure genoem dat hulle beplan om 15 000 aandele van 'n onlangs oorlede aandeelhouer, gedurende die volgende finansiële periode terug te koop teen 'n aandeelprys van R8 per aandeel.

Sommige aandeelhouders stem nie met die besluit saam nie. Verduidelik waarom hulle dalk nie met hierdie besluit saamstem nie deur TWEE relevante finansiële aanwysers aan te haal. (6)

INLIGTING:

- A. Die volgende finansiële aanwysers is vir die afgelope twee jaar geëindig 28 Februarie bereken:**

	2025	2024
Bedryfsverhouding	4,5 : 1	1,9 : 1
Vuurproefverhouding	0,5 : 1	1,8 : 1
Skuld-ekwiteit-verhouding	1,9 : 1	2,2 : 1
Voorraadomsetsnelheid	7 keer	13 keer
% opbrengs op gemiddelde aandeelhouersekwiteit	25%	17%
% opbrengs op totale kapitaal aangewend	10,3%	15,5%
Dividende per aandeel	48 sent	105 sent
Verdienste per aandeel	80 sent	96 sent
Netto batewaarde	635 sent	690 sent
Rente op langtermyn lenings	11,5%	13%
Rente op beleggings	9%	9%
JSE prys (Markprys)	600 sent	650 sent



**B. Aandelekapitaal:**

2 640 000 aandele was op 1 Maart 2024 uitgereik.

AGTERGROND INLIGTING

Shanice Krates (wat die HUB van die maatskappy is) was op 1 Maart 2024 in besit van 1 267 200 aandele.

Shanice wil 'n meerderheidsaandeelhouer word, en daarom het sy 'n dringende vergadering met die raad van direkteure en ander aandeelhouers wat 'n beduidende belang in die maatskappy het gereel. Sy het versoek dat hulle haar sou toelaat om aandele gelykstaande aan een vyfde van die aandele wat sy reeds besit, te koop. Dit sal die maatskappy in staat stel om korttermyn skuldterugbetalings te kan bekostig.

Op 31 Januarie 2025, het Shanice eindelijk daarin geslaag om die raad van direkteure te oortuig om haar toe te laat om aandele gelykstaande aan een vyfde van die aandele wat sy reeds besit, te koop. Hierdie aandele is uitgereik teen die huidige markprys. Die res van die aandele is aan die publiek verkoop.

Die maatskappy het 'n totaal van R2 100 000 ingesamel deur die uitreik van aandele op 31 Januarie 2025.




VRAAG 4: KORPORATIEWE BESTUUR
(15 punte; 12 minute)

Lees die uittreksels aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg. Gebruik jou algemene kennis van maatskappye en korporatiewe bestuur om jou antwoord te ondersteun, indien nodig.

Die Mag Van Skenk: 'n Skenker se Impak, Meer as die Geskenk

Amine Handelaars, 'n Johannesburgse verspreidingsmaatskappy, het 'n surplus voedselpakkies gehad. Daar word beweer dat die HUB in 'n senior bestuursvergadering voorgestel het om die voedselpakkies aan 'n plaaslike gemeenskapsentrum te skenk ter ondersteuning van die gemeenskap se welstand. Sommige bestuurders het egter die idee teengestaan en die meerderheid het eindelijk besluit om eerder die pakkies te verkoop. Dit blyk dat die besluit van die meerderheid die maatskappy se resultate negatief beïnvloed het.

4.1 Verwys na die inligting met betrekking tot "Die Mag van Skenk. 'n Skenker se Impak, meer as die Geskenk."

4.1.1 Verskaf EEN sleutelfaktor wat gekontroleer behoort te word voordat items as 'n donasie gegee word. (2)

4.1.2 Verduidelik hoekom dit belangrik is vir 'n besigheid om betrokke te wees by Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid (KSV). Verskaf TWEE punte. (4)

TASH FINANSIËLE DIENSTE BPK (TFS)

Tash Finansiële Dienste Bpk het nie daarin geslaag om voornemende beleggers te lok nie a.g.v. die maatskappy se swak prestasie. Die aandeelhouers het by fluitjieblasers ontdek dat die maatskappy se swak prestasie die gevolg was van 'n gebrek aan bevoegheid van die direkteure. Die direkteure van die TFS ontken hierdie aantygings. Volgens die King Kode beginsels, behoort besighede hul bedrywighede op 'n etiese en professionele manier uit te voer.

4.2 Verwys na die inligting met betrekking tot Tash Finansiële Dienste Bpk (TFS).

4.2.1 Noem TWEE voordele van goeie korporatiewe bestuur vir maatskappye. (4)

4.2.2 Hoe kan besighede die King Kode beginsels van deursigtigheid en aanspreeklikheid toepas? Verskaf TWEE punte. (4)

4.2.3 Wat moet direkteure doen indien hulle 'n botsing van belange het? Verskaf EEN punt. (1)

15
TOTAAL: 150



GRAAD 12 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste
(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	Nie-bedryfslaste : Aandeelhouersekuiteit
(Handels & ander ontvangbares + Kontant en kontantekwitvalente) : Bedryfslaste	
$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekuiteit}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien onderstaande nota)
$\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersekuiteit} + \text{Gemiddelde nie-bedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersekuiteit}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Finale dividend}}{\text{Aantal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Dividende per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto wins na belasting}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$	
LET WEL: * In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal aandele is, word die gewoogdegemiddelde-aantal aandele in die praktyk gebruik.	

